



SENWES BEPERK
ISIN NOMMER: ZAEZ00000018
(Ingelyf in die Republiek van
Suid-Afrika)
(Registrasienuommer
1997/005336/06)
("Senwes")

AGRIBEL HOLDINGS BEPERK
ISIN NOMMER: ZAEZ00000026
(Ingelyf in die Republiek van
Suid-Afrika)
(Registrasienuommer
1996/017629/06)
("Agribel")

**SUIDWES HOLDINGS (OMHEINDE
MAATSKAPPY) (RING-FENCED)**
EIENDOMS BEPERK
(Ingelyf in die Republiek van
Suid-Afrika)
(Registrasienuommer 1998/007242/07)
("Suidwes")

("die Senwes Groep")

(Gesamentlik na verwys as "die Maatskappye")

AANKONDIGING MET BETREKKING TOT DIE IMPLEMENTERINGSDATUM VAN DIE SAMESMELTING EN DIE AANSTELLING VAN DIREKTEURE

1. IMPLEMENTERINGSDATUM

Die direksies van die Senwes Groep verwys die Senwes Groep aandeelhouers en die Suidwes aandeelhouers na die aankondigings van 18 Augustus 2020 en 6 Oktober 2020 met betrekking tot die Reëlinskema en die Aanbod aan Suidwes Aandeelhouers ("die Aanbod"). Dit word hiermee bevestig dat die Aanbod en die samesmelting tussen die Maatskappye en hul werksaamhede, effektief vanaf Maandag, 12 Oktober 2020, geïmplementeer sal word.

Suidwes aandeelhouers word in kennis gestel van die volgende belangrike datums:

	2020
Betaling van Kontantaanbod	Maandag, 12 Oktober
Uitreiking van Aanbodaandele deur Agribel	Maandag, 19 Oktober

(aan Suidwes aandeelhouers wat hierdie opsie voor of op die sluitingsdatum van 5 Oktober 2020 gekies het)

2. RESULTATE EN FINANSIËLE EFFEK

Die Suidwes aandeelhouers het gunstig gereageer op die Aanbod en 37% van die Suidwes aandele word vir Agribel aandele geruil. Die oorblywende Suidwes aandeelhouers het kontantbetaling ontvang vir hul aandele.

Indien enige Suidwes aandeelhouer nie die Kontantaanbod ontvang het nie weens die feit dat sy besonderhede in die Suidwes register nie korrek was nie, sal die betaling deur Senwes in trust gehou word vir 'n periode van 3 jaar na 12 Oktober 2020, waarna die Kontantbedrag wat aan so 'n Suidwes aandeelhouer verskuldig is, verbeur sal word ten gunste van Senwes. Voor die verstryking van sodanige

3-jaar periode, sal die Kontantbedrag aan die Suidwes aandeelhouers uitbetaal word na ontvangs van die bankbesonderhede en enige ander dokumente of inligting van sodanige Suidwes aandeelhouers wat Senwes redelikerwys mag benodig ten einde so 'n betaling te maak.

Die finansiële effek van die samesmelting op die Senwes Groep sal aangekondig word as deel van die aankondiging van die tussentydse finansiële state van die Senwes Groep vroeg in Desember 2020.

3. KORPORATIEWE BEHEER EN AANSTELLING VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

Die Senwes Groep is die alleenaandeelhouer in Suidwes en sy filiale. Senwes en Agribel het die volgende nie-uitvoerende direkteure op die direksies van Senwes en Agribel aangestel:

Agribel	Senwes
GL (Gert) Malherbe	GL (Gert) Malherbe
JJ (Hansie) Viljoen	FE (Frans) Marx
	JJ (Hansie) Viljoen

Hierdie aanstellings is onderworpe aan die Aktes van Oprigting en die rotasiebeleide van die onderskeie Maatskappye.

4. BEVESTIGING VAN DIE NAAMSVERANDERING: SENWESBEL BEPERK VERANDER NA AGRIBEL HOLDINGS BEPERK

Die aandeelhouers van die Maatskappye word daaraan herinner dat die aandeelhouers van Senwesbel 'n spesiale besluit geneem het om die naam van Senwesbel Beperk na Agribel Beherend Beperk te verander. Die rekorddatum van die naamsverandering was 18 September 2020.

5. VERANTWOORDELIKHEIDSVERKLARING VAN DIE DIREKSIE

Die onderskeie direksies van Agribel en Senwes aanvaar verantwoordelikheid vir die inligting vervat in hierdie aankondiging en bevestig dat, na hul beste wete en oortuiging, die inligting wat hierin vervat is, waar en korrek is en dat hierdie aankondiging nie enige inligting uitlaat wat die belangrikheid van sodanige inligting kan affekteer nie.

In opdrag van die Direksies van die Maatskappye

EM Joynt (Mev)
MAATSKAPPYSEKRETARIS
AANGESTELDE ADVISEUR VIR AGRIBEL HOLDINGS BEPERK EN SENWES BEPERK
KLERKSDORP

Tel nr. (018) 464 7104
12 Oktober 2020

Vir die verhandeling van aandele in die Senwesbel Groep, verwys asseblief na ZARX, die gelisensieerde beurs waarop Senwesbel en Senwes genoteer is, by: www.zarx.co.za